

# St. Antonius Maria Claret

## 24 Oktober

(1807-1870)

Gebore as die seun van ‘n wewer in Spanje word hy priester en later in 1850 aartsbiskop van Kuba. Hy beywer hom vir die beëindiging van slawerny en maak so vyande onder die groot grondbesitters in dié Spaanse kolonie. Uiteindelik slaag hulle daarin om hom uit Kuba te verban. Terug in Spanje word hy die biegvader van koningin Isabella II. Toe sy in ballingskap gaan volg hy haar. Hy neem deel aan die Eerste Vatikaanse Kerk Konsilie en sterf kort daarna in die klooster van Fontfroide in Frankryk. Hy het oor die gawe van profesie beskik en het ook ’n kongregasie van sendeling priesters gestig.

© Die Oratorium Uitgewery